**Vrydag 8 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25 – 5:5**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:1-2**

## As kind van God volg ek Hom in liefde na

In ons teksgedeelte gee die apostel praktiese riglyne vir die nuwe lewe wat elke gelowige in Christus en deur sy Gees ontvang. Hierdie nuwe lewe behels om die ou, vuil klere van die sondige natuur uit te trek en die nuwe, skoon klere van verlossing gewas in Christus se bloed aan te trek (Ef. 4:17-24).

Ons fokusverse verskaf die fondament waarop hierdie praktiese riglyne berus. Ons is deur die bloed van Christus kinders van God en Hy het ons lief! Daarom moet ons Hom navolg, soos ’n kindjie wat sy pa en ma se liefde vir hom ervaar en aanvoel, doen wat sy ouers doen.

God wys vir ons wat dit beteken om Hom deur sy Seun na te volg. Jesus Christus het ons liefgehad – soveel so dat Hy ter wille van ons sy lewe as die volmaakte offer vir ons sondes afgelê het. Hieraan weet ons wat liefde is (1 Joh. 3:16). Daarom moet ons in liefde lewe: met dieselfde gesindheid van selfopoffering, nederigheid, die ander se belange in gedagte hou (Fil. 2:4-11).

Wanneer jy só God se voorbeeld in Christus navolg, lewe jy soos God van jou as sy kind verwag, van jou as burger van sy koninkryk. Dan lewe jy in God se lig nuut gemaak, en jaag jy dit na wat goed en reg en waar is.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Dr. H (Hennie) Goede (Meyerspark)*